

**15 AUGUSTUS**

**Skrifgedeelte: Psalm 69:1-14**

**Fokusgedeelte: Psalm 69:10**

**Verterende ywer**

Dawid, die man na God se hart, het hom vir die bou van die tempel in Jerusalem beywer (1 Kronieke 29). Hy het geen geld en inspanning van kragte ontsien om vir die erediens aan God te offer nie. Sy ywer het tot aansporing vir menige gelowige gedien. Dit het ook die teenkating van menige verbondsverbreker in Israel opgeroep.

In Psalm 69 treur Dawid oor alles en almal wat hom in sy ywer vir die huis van God teenstaan. Weerstand teen God en sy diens aan God wek by hom innerlike spanning (vers 2-5). Selfs sy familie draai teen hom omdat hy soveel erns met die Here en sy huis maak (vers 9). Sy ywer vir God bring verdeeldheid tussen broer en broer – tot so 'n mate dat hy uitroep: die ywer vir u huis het my verteer!

Baie jare later onthou Jesus se dissipels dié woorde uit Psalm 69. As Christus die duiweverkopers en handelaars uit die tempel verjaag, bemerk hulle die Seun se ywer vir die Vader. Tegelyk bemerk hulle die ongekende haat van die Jode wat van die Vaderhuis 'n handelshuis gemaak het (Johannes 2:17). Die reiniging van die tempel lei onvermydelik tot weerstand – by Christus 'n weerstand wat tot sy kruisdood sou lei.

Ware, opregte, Skriftuurlike reformasie in ons diens aan God ontlok altyd weerstand, reeds vanaf die paradys – dink aan Kain en Abel. Die ywer vir God is verterend. Maar dit mag ons nie laat ophou ywer nie, inteendeel. Reformeer in u godsdiens, want so neem u u kruis op en volg u vir Christus.

*Sing: Ps. 69:4 (1936 beryming) Ds Gerard Meijer (Wonderboompoort)*